# PEDAGOGIESE KATEGORIEE: VERANTWOORDING

W. A. LANDMAN

Universiteit van Pretoria

Die Pedagoog as wetenskapper begin deur 'n noukeurige ondersoek van die *opvoedingswerklikheid self* in plaas van 'n ondersoek en herondersoek van wat reeds oor dié werklikheid bespiegel is: [1] die fenomenoloog bespiegel nie. Die laat wees van die werklikheid sèlf, ook in pedagogiese opset soos dit werklik essensieel is, veronderstel dan ook 'n onttrekking van alle onverskilligheid teenoor die werklikheid, ook van alle eiesinnigheid, toevalligheid en oppervlakkigheid. Sodanige onttrekking verg 'n oopstel vir wat *is* in aktiewe ontvanklikheid. Indien die Wetenskapper begin deur opinie-opdringing aan die werklikheid (subjektivisme), is hy daardeur onvry om die werklikheid te laat verskyn soos dit werklik is: hy kan nie dit wat onties ervaar word, *ontologies begryp* en uitlê nie. Anders gestel: Hy sal nie by magte wees om 'n hermeneutika van die ontisiteit menswees-in-opvoedingsituasie, te gee nie; dit wil sê hy kan nie kom tot 'n wesensbeskrywing as ontdekking, begryping en interpretasie van die grond*sin* wat skuilgaan in die dialoog van die nie-volwasse mens nie. Terselfdertyd laat hy ook nie die werklikheid vry om hom te toon soos hy homself laat sien nie. [2] Sodanige wetenskapper is dan ook nie in staat tot 'n *ware objektiwiteit,* synde 'n belangelose, vooroordeelsvrye strewe na intersubjektief geldige waarhede gebonde aan die werklikheid en in ooreenstemming daarmee nie. [3] Dit gaan dus om 'n objektiwiteit as *reflekterende denke* gesuiwer van alle vooroordele aangaande die werklikheid. [4]

Aan die ander kant moet dit gestel word dat dit 'n *subjek* is wat poog om objektief te staan met betrekking tot die werklikheid. Die genoemde objektiwiteit is dan ook wesenlik 'n objektiwiteit-in-subjektiwiteit want dit gaan om 'n *synsbetrekking* tussen die mens en sy kennis, 'n betrekking wat dui op die eenheid van wedersydse implikasie van mens en kennis. Dit is 'n betrekking wat nie weggedink kan word nie indien 'n mens van die sinvolheid van kennis wil praat nie. Dit beteken dat erkenning verleen word aan die *konstituerende* aandeel wat die subjek aan die kennis het. Die subjek is dus 'n noodwendigheid in die tot stand kom van kennis want *dit is die subjek wat die werklikheid self bereik* (Husserl) en wat die werklikheid laat sien soos dit werklik essensieel is. Wat so pas gestel is, is geen subjektivisme nie, want

die subjektivisme as opdringing van opinie aan die werklikheid, doen hom juis voor vanweë 'n onvermoë om die werklikheid self te bereik. Laasgenoemde is niks anders nie as *toevallige subjektiwiteit,* terwyl eersgenoemde *wesenlike subjektiwiteit* is wat onskeibaar tot die wese van die kennis hoort omdat dit die kennis moontlik maak. Dit is die wetenskapper wat ont-dek, ont-hul, open-baar, aan die lig bring, uitlê, ens. Die toevallige subjektiwiteit (subjektivisme) daarenteen, as som van toevallige vooroordele, vooringenomendhede en meninge, is 'n valse subjektiwiteit.

'n Onverduisterde vertrekpunt verg 'n *metode* wat vry is van bevooroordeelde verduisteringe, hetsy van metafisiese, hetsy van teoretiese aard. Dit beteken dat alle persoonlike gevoel, wense en ingesteldhede, asook alle vooropgesette teorieë, hipoteses en menings tussen hakies geplaas moet word sodat 'n suiwer *denkende skouing* van dit wat sig toon soos dit in sigself is, moontlik word.

'n Analise van dit wat sigself toon, naamlik hier die pedagogiese soos dit werklik essensieel is, kan slegs aangepak word as daar 'n geskikte *toegangsweg as denkweg* tot sodanige werklikheid gevind kan word. Hierdie toegangsweg is die metode van die onbevange fenomenologiese deskripsie en hermeneutiek met behulp van besondere *kategorieë* wat die pedagogiese werklikheid uitspreek en bevestig op so'n wyse dat die wetenskapper op 'n *nuwe* niveau van kennis aangaande hierdie werklikheid geplaas kan word. Dit is geen fenomenografie en „hineininterpretieren" as onsuiwere beskrywing nie. Dit beteken dat die fenomenologiese werkwyse geen beskrywende besigwees „met die sake self" is as soveel objekte nie, want dan word verval in 'n objektivistiese wetenskapsbeoefening waarin geen reg geskied aan die *subjektiwiteit* wat die wetenskap skep en sin daaraan verleen nie. [6] Verder bestaan die gevaar van 'n verlore saak in 'n empirisme as relativisme. So is elke sogenaamde wetenskap-van-die-feite relativisties want slegs die essensiële as die invariante kan universeel geldend wees. Om aandag te hê vir die feit, is om aandag te hê vir die geïsoleerde, is om die bykomstigheid te stel bo die wesenlike, die wisselvallige bo die noodsaaklike en die wanorde bo die orde, terwyl die voorwaarde om die feite te begryp, is om insig te hê in essensies, (Husserl) en om insig te verkry in essensies, verg *denkarbeid* (refleksie), *want niks kom tot openbaring of tot verskyning as die denke dit nie laat geskied nie.* Fenomene is nie dit wat 'n mens sien en hoor en voel nie, maar dit wat in die lig van die *denke* tevoorskyn tree. [7] Daar moet stapsgewys van die empiries individuele, bewussynsimmanente feite tot die bo-empiriese algemene of suiwere wese

voortgedink word. [8] Dit wil sê daar moet fenomenologies te werk gegaan wordt en so 'n werkwyse is moontlik omdat die mens 'n fenomenologiese wese is. [9]

Die wetenskapper wat outentiek *fenomenologies* dink, ont-dek dat die onderskeie wetenskappe werklik essensieel verskillende *perspektiewe* op die lewenswerklikheid is. [10] Elke wetenskapper bedink dan die lewenswerklikheid vanuit sy besondere perspektief ten einde eerstens die *syn* daarvan en tweedens die *sin* daarvan *teen die werklikheid as agtergrond*, oop te dek.

Met die onmiddellik voorafgaande stelling word te kenne gegee dat die verskillende wetenskappe 'n geordende geheel vorm in hulle opbloei uit die lewenswerklikheid en hulle openbaring van dié werklikheid. Daarmee word ook te kenne gegee dat elke vak-wetenskap hom besig hou met 'n besondere faset van die lewenswerklikheid. So word byvoorbeeld vanuit pedagogiese perspektief die werklik essensieel pedagogiese in die lewenswerklikheid tot spreke gebring vir verdere *bedinking* en uitlegging daarvan.

Drieërlei wyses van perspektief kan onderskei word:

1. *Die nie-antropologiese perspektief* waarin daar vanuit 'n nie-menslike synsorde gedink word na die menslike synsorde. Dié perspektief moet as *on-wetenskaplik* verwerp word aangesien daarin 'n *reduksie* van die een synsorde na die ander voltrek word en daar gevolglik niks outentieks aangaande die gereduseerde synsorde aan die lig gebring kan word nie. Verder — wanneer die uitkomste van sodanige perspektief geëvalueer word teen die lewenswerklikheid as agtergrond, blyk duidelik dat dit sodanige evaluering nie kan deurstaan nie waarmee bedoel word dat dit nie in die lewenswerklikheid bevestig kan word nie. 'n Voorbeeld van 'n nie-antropologiese perspektief is die *naturalisme*.
2. Die perspektief op die lewenswerklikheid vanuit 'n *bepaalde antropologiese konsepsie* maak hom nie skuldig aan synsorde-reduksie nie, want dit is 'n perspektief vanuit menswees tot menswees. Sodanige perspektiewe is byvoorbeeld die *humanisme, psigo-analisme, eksistensialisme* en talle ander *-ismes*, wat vanweë hulle stand as -isme geen aanspraak kan maak op wetenskaplikheid as algemeengeldigheid nie. Anders gestel: wanneer die kriterium „*teen die werklikheid as agtergrond*" op hulle van toepassing gemaak word, blyk hulle partikuliere geldigheid en selfs nie-werklikheid.
3. Die *ontologies-antropologiese perspektief* op die lewenswerklikheid is 'n perspektief wat gekenmerk wordt deur 'n *begronding* daarvan in die universele lewenswerklikheid self. Sodanige perspektief is slegs op

fenomenologiese wyse moontlik en is gebou op twee hoekstene, te wete

(a) *Fenomenologie is slegs as ontologie sinvol:* Die fenomenologiese metode is die enigste outentiek wetenskaplike toegangswyse tot die werklik-essensiële *syn* van die besondere faset van die lewenswerklikheid waarmee die wetenskapper hom bemoei, en die *sin* daarvan, gesien teen die werklikheid self as agtergrond.

Dit beteken dat die nie-fenomenologiese betragtingswyses nie die werklik-essensiële *synsin* van die lewenswerklikheid aan die lig kan bring, dit bevestig en denkend uitlê nie. *Slegs die fenomenoloog wat ontoloog is, is by magte om hom te vrywaar teen 'n verdringing en selfs verdrywing uit die werklikheid self* deur nie-antropologiese benaderings en antropologiese konsepsies van welke aard ookal.

(b) Die onmiddellik voorafgaande paragraaf beteken dat die fenomenoloog ontoloog is, dit wil sê hy soek na die werklik essensiële of die essensieel werklike as die universele. As tweede hoeksteen van die wetenskaplike denke kan dan gestel word: *ontologie is slegs as fenomenologie moontlik.* (Heidegger): Slegs die fenomenoloog soek na en vind die fundamentele as die essensiële en die betekenisvolle om dit al *reflekterende* te beskryf en uit te lê soos dit werklik essensieel *is,* soos die onderlinge *verbande* daarvan werklik essensieel is en soos die *sin* daarvan werklik essensieel is, teen die werklikheid self as agtergrond. Hy soek dus na ontologiese begryping wat byvoorbeeld 'n ontologies-pedagogiese begryping kan wees.

Die wetenskapper wat sy wetenskaplike denke nou op die genoemde twee hoekstene wil bou, moet nou in sy bedinking en uitlegging die volgende te kenne gee:

1. dat hy in sy beskrywende en uitleggende besigwees die *werklikheid* self wil toelaat om tot spreke te kom;
2. dat sy wetenskapsbeoefening onmoontlik is as hy hom isoleer van die *lewenswerklikheid* self, byvoorbeeld deur 'n nie-antropologiese benadering of deur bepaalde antropologiese konsepsies;
3. dat om te ont-dek, oop-te-dek, aan die lig te bring, onverborge te maak, slegs moontlik is op grond van sy eie *in-die-wêreld-wees;*
4. dat in-die-*lewenswerklikheid*-wees die fondament is van waaruit alle verdere denke aangaande die mens moontlik is; en
5. dat dit 'n synsfeit is dat die *wêreld* deurweek is van menslikheid en die mens deurdring is van wêreld, met ander woorde dat die mens-wêreld-verhouding 'n *synsverhouding* is en dat gevolglik sy wetenskapsbeoefening 'n besondere synswyse is.

Op hierdie vyftal vrae is slegs een antwoord sinvol: Die wetenskapper

stel as vertrekpunt vir sy wetenskaplike beskrywing en uitleg 'n besondere beskrywingsmedium en uitlegmiddel wat trouens *denkmiddel* is, naamlik die noodwendigheid van 'n *ontologiese kategorie* of *eerste werklikheidskategorie* en hy vind dat hierdie kategorie benoem kan en moet word met die benaming: in-die-wêreld-wees of Da-sein of openheid.

Die voorafgaande anders gestel:

Die mens is 'n fenomenologiese wese. Dit beteken dat hy die *werklik essensiële van die werklikheid* kan oop-dek, dit wil sê, hy is 'n ontologiese wese. In die woorde van Heidegger: Die mens word onties daardeur gekenmerk dat hy ontologies is. *Die mens as wetenskapper is sistematies en radikaal ontologies.* Hy implementeer die *enigste* metode, naamlik die fenomenologiese, om by die werklik-essensiële van die werklikheid en die *sin* daarvan teen die werklikheid self as agtergrond, te kom. Dus kan hy nie toelaat dat daar iets tussen hom en die *werklikheid* kom nie. Daarom plaas hy alles wat werklikheid-bedekkend kan wees voorlopig tussen hakies. Wat doen hy nou met die besondere faset van die werklikheid wat hom interesseer, ten einde by die werklik essensiële en die *sin* daarvan te kom? Hy beskryf en hy lê uit terwyl hyn *reflekteer,* en in sy *denkende* beskrywing en uitlegging wil hy getrou bly aan die werklikheid. Dit beteken dat hy sy beskrywingsmedia, sy uitleggingsmiddele, sy *denkmiddele,* ook aan die hand van die werklikheid moet soek en hulle is ook fenomenologies aan die hand van besondere werklikhede in die lewenswerklikheid *ontwerpbaar.* Hierdie media en middele is die *kategorieë* en nou moet die wetenskapper in die eerste kategorie wat hy gebruik, *duidelik maak dat hy getrou aan die werklikheid self wil bly* en dat sy verdere denke gegrond in die werklikheid self moet bly. Daarom stel hy ook 'n eerste werklikheidskategorie of *ontologiese kategorie,* naamlik in-die-wêreld-wees of Dasein óf openheid. Nou kan hy nie in 'n subjek-isme, of in 'n objek-isme, of in 'n naturalisme of in 'n antropologiese konsepsie van welke aard ookal verval nie, want hierdie -ismes kan nie die toets van die werklikheid deurstaan nie. Hulle maak die ontologiese kategorie onmoontlik en as die ontologiese kategorie onmoontlik is, is alle verdere outentiek wetenskaplike denke aangaande menswees onmoontlik, met andere woorde alle kategorieë gegrond in die eerste werklikheidskategorie is onmoontlik.

Slegs uit die wese van die Da-sein kan die wese van dit waarmee hy hom bemoei, uitgelig word. (Heidegger) Dit beteken dat Da-sein (openheid, in-die-wêreld-wees) as eerste werklikheidskategorie *voorwaarde* is

vir die moontlikheid van alle ander kategorieë. Nou ontstaan die volgende vraag: Welke ander kategorieë? Op dié vraag kan geantwoord word dat dit kategorieë sal wees wat moet voldoen aan besondere vereistes, naamlik kategorieë wat gefundeer (gegrond, begrond) is in die ontologiese kategorie, met ander woorde kategorieë met ontologiese status wat:

1. die sin van die mens (Antropos) se Da-sein (in-die-wêreld-wees) kan beskryf en uitlê;
2. die werklik-essensiële van die eksistensie as konkrete openbaringswyse van die mens aan die lig kan bring;
3. besondere wyses van menswees in die lewenswerklikheid verteenwoordig en verwoord;
4. die mens in al sy verhoudingsmoontlikhede aanwesig stel soos hy is;
5. kan openbaar dat menswees werklik-essensieel persoon-wees is;
6. die wesenlike moontlikhede van menswees openbaar en verwoord;
7. uitdrukking gee aan die feit dat die mens eers Da-sein (in die-wêreld-wees) is en dan definieer hy homself; [1])
8. kategorieë van die menslike lewe is; en
9. eksklusief op die menslike van die mens van toepassing is.

Sodanige kategorieë dui die *essensie* van die Da-sein as *eksistensie* aan en staan bekend as eksistensialia of antropologiese kategorieë, waarvan die volgende as fundamenteel beskou word:

1. In-betekenis-wêreld-wees.
2. Medesyn.
3. Temporaliteit.
4. Self-iemand-wees.
5. Religiositeit.

Hierdie vyf antropologiese kategorieë is dan kategorieë met ontologiese status omdat:

1. dit gegrond is in die ontologiese kategorie en
2. dit iets werklik-essensieel aangaande menswees en die *sin* daarvan, teen die werklikheid self as agtergrond, sê. Daarom kan ook gepraat word van: ontologies-antropologiese kategorieë.

Nou kan die Pedagoog vanuit die werklikheid van sy pedagogiese perspektief sy fenomenologiese wesensanalise rig op die lewenswerklikheid self. Wat gebeur dan? Die ontologies-antropologiese kategorieë toon aan hom werklikhede wat as potensiële pedagogiese kategorieë in hulle opgesluit is. Hierdie potensiële kategorieë word deur die wetenskapper *ontwerp* tot werklike kategorieë vir implementering deur hom

as beskrywings- en uitleggingsmedia, dus as denkmedia. Wie fenomenologies bekryf en uitlê *reflekteer* (dink) — die wetenskapper implementeer dan kategorieë as *denkmiddele*. Die besondere kategorieë waarom dit hier gaan is *pedagogiese kategorieë*. Hierdie kategorieë is die essensie van die pedagogiese self, en word deur die pedagoog gebruik om pedagogiese denke aangaande die mens en die pedagogiese bemoeienisse van die mens te beskryf en uit te lê, dus te *bedink*.

Die pedagoog as wetenskapper *onthul* pedagogiese kategorieë, dan *openbaar* dié kategorieë hulle aan hom en dan *benoem* hy die kategorieë. Die vraag wat nou ontstaan is, wat die wetenskapper te kenne wil gee met die besondere *benaming wat hy ontwerp* vir die besondere werklikheidsgebeure wat hulle as potensiële kategorieë, dus as beskrywings-, uitleg- en denkmiddele, aandien. Die volgende stellinge in dié verband, verdien oorweging:

1. Benoeming van 'n kategorie dui daarop dat die benoemer (wetenskapper) daardie besondere benaming as *wesenlik* beskou,[12] dit wil sê as 'n moment van die wese van dié kategorie beskou. Dit beteken dat die wetenskapper deur 'n besondere benaming te kenne wil gee dat hy daardeur iets werklik-essensieel van die kategorie uitdruk. Met ander woorde: hy *ontwerp* 'n besondere naam vir 'n besondere werklikheid (ontisiteit) wat hy fenomenologies gevind het en wat deur dié benaming verhef word tot kategorie. Die wetenskapper neem byvoorbeeld in die lewenswerklikheid waar dat kinders na geborgenheid soek en dankbaar is wanneer hulle dit beleef. Hy neem verder waar dat dit hier werklik essensieel gaan om 'n normatief-normerende gebeure. Hy benoem dan dié gebeure met die benaming *dankbaarheid-vir-geborgenheid*. Sy verdere *denkarbeid* bestaan dan daarin om die werklik-essensiële van hierdie kategorie waarvan hy die naam ontwerp het, oop te dek ten einde dit steeds beter te kan implementeer as beskrywings- en uitleggingsmiddel, *dus as denkmiddel* om die pedagogiese gesitueerdheid van die mens te belig.

2. Die naam wat die wetenskapper aan 'n besondere kategorie gee, word deur hom beskou as die beste *spraak- of taalvormige greep* op 'n besondere werklikheidsgebeure wat hy as kategorie kan implementeer. Hy ontwerp dus 'n naam wat hy as die beste taalvormige weergawe beskou van daardie werklikheidsaspek wat hy as kategorie wil implementeer. Hy voltrek, met ander woorde, 'n *benoemende uitspreek van werklikheid*[13] en kry sodoende 'n vat op daardie werklikheid as kategorie. Aan die hand van hierdie kategorie kan hy nou verder beskryf, uitlê en *reflekteer* aangaande die werklikheid self. Byvoorbeeld

deur implementering van die kategorie *waag-met-die-ander,* kan die fundamentele, die essensiële, die betekenisvolle van die pedagogiese werklikheid verhelder word. 'n Kategorie is dan 'n besondere werklikheid of werklikheidsgebeure (b.v. waag-met-die-ander) wat deur benoeming tot kategorie verhef is en nou gebruik kan word om 'n besondere werklikheid (bv. die pedagogiese) nader *denkend* te deurskou. Die subjek doen dus sy bydrae (benoeming) en die objek of werklikheid syne ('n werklikheidsgebeure, bv. die feit dat die kind dit met 'n volwasse waag).

3. Die besondere naam waardeur die wetenskapper 'n besondere werklikheidsaspek tot kategorie verhef, word deur hom as *betekenisvol en sinvol* beskou. Die naam wat hy vir daardie besondere kategorie ontwerp is daardie naam wat die *sin* van daardie kategoriale beskrywings-, uitleggings- en *dus denkmiddel* die beste weergee. Die benaming wat hy ontwerp, is dus *singewing* en danksy die *singewende aktiwiteit* van die wetenskapper, word die werklikheid vir hom sinvol. [14] Hierdie ontwerp is geen konstruering (rasionele konstruksie) nie, want die tot kategorie te benoemde werklikheid laat die wetenskapper nie toe om willekeurig 'n naam toe te ken nie. Die *werklikheid normeer die spreke oor hom* [15] en indien 'n nie-adekwate benoeming gedoen word, verberg dié benaming dié te benoemde werklikheid in sy werklike essensialiteit.

4. Deur sy benoeming *bekragtig en bevestig* die wetenskapper 'n besondere werklikheid; byvoorbeeld deur die kategorie *aanspreeklik-vir-verhouding* word die pedagogiese werklikheidsgebeure van *medesyn* (saam-wees) wat op 'n behoorlike wyse tot stand moet kom, as werklikheid bevestig. Anders gestel: dit wat reeds werklikheid is, *ontwerp die wetenskapper tot kategoriale werklikheid vir hom.* Hy wil hierdie werklikheid wat hy tot *denkmiddel* ontwerp het, implementeer in sy fenomenologiese *refleksie* oor 'n breër werklikheid (bv. die pedagogiese) Op dié wyse word beide werklikhede (bv. 'n pedagogiese kategorie en die pedagogiese werklikheid as sodanig), steeds tot voller werklikheid vir die wetenskapper; dan is dié werklikheid vir hom ont-dek, ont-sluierd. Dan het die werklikheid vir hom uit die verborgenheid getree omdat hy deur sy benoeming as *ver-lig-ter* opgetree het (Heidegger). [16]

5. Die benoeming van 'n besondere werklikheidsaspek *tot* kategorie, is werklik essensieel *toelating* van daardie werklikheid om tot spreke te kom (Heidegger). Deurdat 'n werklikheidsgebeure as kategorie en deur kategorieë tot die wetenskapper spreek, word dit al meer en meer *ontsluier,* tree die werklike essensialiteit daarvan al duideliker *in versky-*

*ning*. Deur benoeming van die kategorie kom die wetenskapper tot 'n *uitsegging* van dit wat werklik essensieel is, dus is sy benoeming 'n *openbaarwording en aanduiding* van fundamentele werklikheid. Byvoorbeeld die werklikheid van 'n hoopvolle gerig wees op die toekoms, word tot fundamentele werklikheid verklaar deur die benoeming daarvan as die kategorie *hoop-op-die-toekoms*. Deur te sê dat hierdie kategorie as pedagogiese kategorie geïmplementeer kan word, word daarmee tweërlei te kenne gegee, naamlik dat dié kategoriale *denkmiddel* iets werklik essensieel-pedagogies uitdruk en dat die pedagogiese werklikheid as sodanig daardeur nader denkend deurskou kan word. Die wetenskapper se benoeming is dan 'n *skepping* waardeur hy werklikheid aan die lig bring en belig. [17]

6. Benoeming van 'n kategorie deur die wetenskapper, dui daarop dat hy daardie besondere benaming as *wording van lig op die werklikheid beskou*. Hierdie ligwording deur benoeming lei daartoe dat 'n werklikheid (bv. 'n kategorie) self tot lig word en 'n breëre werklikheid (bv. die pedagogiese werklikheid as sodanig) kan belig. Deur benoeming van 'n besondere werklikheidsaspek tot kategorie, *ontwerp* die wetenskapper *lig* en in hierdie lig word die werklikheid self *ver-lig*, kom die werklikheid op 'n helderder wyse aan die lig en dit is moontlik omdat die wetenskapper aan die lig bringende eksistensie is. [18] Byvoorbeeld die kategorie *opgawe-tot-ontwerp-van-moontlikhede* is 'n wyse van *reflekterende werp van lig op* die pedagogiese werklikheid van outentiek antwoord gee op die behoorlikheidseis om toenemend besluitvaardig en vasberade die eie positiewe menslike moontlikhede tot volle gedying te laat kom.

7. Die wetenskapper beskou sy benoeming as aanduiding daarvan dat sy intensionele kontak met die *werklikheid* verwerlik is. Die kwaliteit van die benoeming, dit wil sê die kwaliteit van die naam wat hy vir die kategorie *ontwerp* het, bepaal die kwaliteit van die *verskyning* van die werklikheid aan hom, en ook anders om: die kwaliteit van die verskyning van die werklikheid aan hom, sal ook die kwaliteit van sy benoeming bepaal. Met ander woorde: die benoeming kan nie losgemaak word van die *wetenskapper wat benoem* nie en ook nie van die besondere aspek van die werklikheid wat tot kategorie benoem word nie. Dit was benoem word, word in die benoeming (benaming) self open-baar. [19] Die benoeming is dus *intensioneel* en daarmee word bedoel dat deur te benoemd, dus deur benoemend *sigewend* op die *werklikheid* gerig te wees, werklikheid self in sy werklike essentialiteit (fundamenteelheid, betekenisvolheid, sinvolheid) tot spreke gebring

word. Byvoorbeeld met die benoeming van die kategorie *vervulling-van-bestemming* word te kenne gegee dat 'n besondere werklikheidsgebeure hom openbaar as iets werklik essentieel aangaande die kind se pedagogiese gesitueerdheid, te wete die ontologiese bepaling dat hy as mens as noodsaaklike opgawe het om hom in toenemende mate te bestem aangesien hy is wat hy word en wat hy behoort te word.

8. Benoeming van 'n kategorie dui daarop dat die wetenskapper daardie besondere benaming beskou as aanduiding dat *begryp* word wat met die benoemde kategorie bedoel word. *Begryp-baar-making* deur benoeming, dus deur die *ontwerp* van 'n toepaslike naam vir die betrokke kategorie, is werklik essensieel *singewing* (Heidegger). [20] Benoeming is singewing en singewing is *begrypbaarmaking* want 'n niebegrypte werklikheid is 'n non-sens. [21] Byvoorbeeld deur 'n besondere kategorie te benoem as *agting-vir-die-eie-digniteit*, word te kenne gegee dat die wetenskapper begryp dat die mens verplig is om die waardigheid van die mensheid in sy eie persoon-wees te bewaar (Kant).

9. Die besondere naam waarmee die wetenskapper 'n besondere werklikheid tot kategorie benoem, beskou hy as *aankondiging* daarvan dat 'n besondere aspek van die werklikheid wat hom aanvanklik (dus voor die benoeming) *verberg* het, nou *sigbaar* geword het en gereed is vir verdere *bedinking*, uitlegging en implementering in die fenomenologiese beskrywing. Byvoorbeeld, deur aan 'n besondere kategorie die naam *opgawe-tot-selfbegryping* te gee, word bedoel dat dié kategorie gereed is om as *denkmiddel* geïmplementeer te word in die *refleksie* oor die werklike essensialiteit van die kind se pedagogiese gesitueerdheid soos geopenbaar deur sy lewe uit synsbevraagdheid wat 'n opdrag tot 'n toenemende wete aangaande wat die eie synsbevraagdheid inhou, verg.

10. Die wetenskapper gee met die *ontwerp van 'n naam* vir 'n kategorie, uiting aan die synsfeit dat hy self sigbare werklikheid is waardeur die sien van alle *sigbare* werklikheid moontlik word, asook van die feit dat hy self *oordenkbare* werklikheid is waardeur oordenking van alle werklikheid moontlik word (Merleau-Ponty). [22] Met ander woorde: deur 'n kategorie te benoem maak die wetenskapper dit vir homself moontlik om die kategorie as beligtingsmiddel en as *denkmiddel* te implementeer, dus as beligtende denkmiddel. Byvoorbeeld deur 'n kategorie as *vryheid-tot-verantwoordelikheid* te benoem, word daardeur radikale refleksie vergemaklik aangaande die synsfeit dat die mens nooit normloos kan wees nie aangesien hy leef in gebondenheid aan die hoogste gesag.

11. Die opgawe van die *kennis* is die *ordening* van die werklikheid *en ordening is nuwe skepping.* Een sodanige ordeningswyse is die adekwate benoeming, dus ontwerp van die mees paslike benamings vir byvoorbeeld die kategorieë *van* die werklikheid. Sodanige ontwerp is dan onvervangbare handeling van die wetenskapper, [23] dit wil sê sy wetenskaplike in-die-wêreld-wees word geregverdig deur sy *fenomenologiese ontwerpe teen die werklikheid as agtergrond.* Byvoorbeeld deur die benoeming van die kategorie *betekening-op-eie-verantwoordelikheid* kom daar moontlikheid tot ordening van die denke aangaande die kind se singewing as betekenisgewing en betekenis-belewing wat dui op sy eksistentieel-etiese gemoeid raak met die lewenswerklikheid, toenemend op eie verantwoordelikheid.

12. Dit is opgawe van die fenomenologie om dit wat onties in 'n besondere ervaringshorison gegee is (bv. die pedagogiese gesitueerdheid), tot 'n ontologies ervaarbare werklikheid te ontwerp [24] en dit word gedoen deur benoeming van 'n besondere werklikheid wat daardeur tot kategorie verhef word, want die *náám wat ontwerp word,* bring nie net dié werklikheid *tot kategoriale aansyn* nie, maar dui ook op die werklike essensialiteit van die kategorie. Byvoorbeeld die naam *beweging-as-wegbreek-van-homeostase* is werklike essensie van wat gebeur tydens die mens se wordingsgang vanaf dit wat hy is tot dit wat hy behoort te wees, naamlik weggebreek van 'n spanninglose bestaanswyse na 'n spanningsveld van waardes. Anders gestel: 'n Bepaalde aspek van die werklikheid wat onties is in die sin dat dit 'n nog-nie ontslote synde is, besit deur die benoeming die moontlikheid om ontologies te word, dit wil sê in sy *syn* en *sin* belig en deurlig, dus begrypbaar. Die benoenoemde kategorie word dan vanweë die benoeming ontologiese bepaling.

*Slotopmerking*

Net soos die pedagogiese *kategorieë* is ook die pedagogiese *kriteria,* beskrywingsmedia en uitlegmedia, dus denkmiddele en wel denkmiddele spesifiek met betrekking tot algemeen geldige maatstawwe vir beoordeling daarvan of 'n bepaalde gebeure, wyse van handeling en denke ensovoorts — pedagogies toelaatbaar is of nie; met andere woorde pedagogiese *kriteria* is besondere pedagogiese *kategorieë* aangesien dit 'n besondere opgawe het naamlik maatstafbeskrywing, maatstafuitlegging, dus maatstafbedinking. Anders gestel: pedagogiese kriteria is kategorieë met algemeen geldige evalueringsinhoud en evalueringsbetekenis.

*Verwijsing*


1. Vgl. Lauer, Q.: Phenomenologg: Its Genesis and Prospect, 179.
2. Heidegger, M.: Sein und Zeit, 31.
3. Funke, G.: Phänomenologie — Metaphysik oder Methode?, 106, 171.
4. Sartre, J-P.: The Psychology of Imagination, 3-4.
5. Merleau-Ponty, M.: Phenomenology of Perception, x.
6. Husserl, E.: Phenomenology, and the Crisis of Philosophy, (Vertaling deur Q. Lauer), 185.
7. Husserl, E.: Die Idee der Phänomenologie, 33.
8. Binswanger, L.: Grundformen und Erkenntnis Menschlichen Daseins ,21, 24, 25.
9. Spiegelberg, H.: The idea of Phenomenology and Anthropology and A. Pfänders Psychology of Man. In: Suid-Afrikaanse Tydskrif vor Pedagogiek, Vol. 1, nr. 12, 77.
10. Kockelmans, A.: Eenheid en verscheidenheid in de wetenschap volgens het standpunt der Phaenomenologie. In: Tijdschrift voor Filosofie, nr. 3., 1960 358.
11. Sartre, J-P: Existentialism and Humanism, (Vertaling deur P. Mairet, 28.)
12. Binswanger, L.: a.w., 331.
13. Binswanger, L.: a.w., 295, 329.
14. Binswanger, L.: a.w., 296, 332.
15. Strasser, S.: Fenomenologie en empirische Menskunde, 85.
16. Heidegger, M.: Sein und Zeit, 132.
17. Kwant, R. C.: Mens en expressie, 32-33.
18. Kwant, R. C.: a.w., 47, 116, 128.
19. Kwant, R. C.: a.w., 105-106, 117.
20. Heidegger, M.: Sein und Zeit, 151.
21. Funke, G.: a.w., 232.
22. Kwant, R. C.: a.w., 163.
23. Kraft, V.: Die Grundlegung der Erkenntnis und der Moral, 14, 23.
24. Funke, G.: a.w., 192.